## 4 September - PREEK/PREDIKING

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18 – 2:5**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:21**

Die fokusgedeelte vertel ons hoe God sy uitverkorenes red. Hý doen dit deur die wederbarende werking van die Heilige Gees wat die geloof werk. In die bewerking van die wedergeboorte bedien die Heilige Gees Hom van die prediking van die evangelie – die prediking volgens 'n besondere metode: negatief – nie met voortreflike en oorredende woorde van menslike wysheid nie; positief – in die betoning van Gees en krag.

Twee metodes van prediking word hier teenoor mekaar gestel. Die eerste metode vereis welsprekendheid. Deur redenasie en deur dialoog moet jy probeer om tot die waarheid te kom. Waarheid is altyd relatief. Jy bevind jou altyd tussen *ja* en *nee*. Die prediker is self 'n soeker na waarheid. Hy en die gemeente moet deur dialoog probeer om by die waarheid uit te kom. Redding vind dus plaas van onder na bo: die soekende mens met sy vermoëns word groot gemaak terwyl die afwagtende God klein gemaak word!

Die tweede metode lê nie klem op die prediker nie. Petrus sê sy prediking was in swakheid en in vrees en in veel bewing. In dit wat hy preek, soek hy nie na die waarheid nie. Nee, God het dit reeds vir hom gegee. Hy verkondig maar net hierdie Godgegewe waarheid. Redding vind dus plaas van bo na onder: die barmhartige, soekende God word groot gemaak terwyl die onbekwame, wegvlugtende mens klein gemaak word. Laasgenoemde preekmetode is 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke. Tog het dit God behaag om juis deur hierdie dwaasheid van die prediking dié wat glo, te red. Dit gebeur omdat hierdie metode van prediking in die betoning van Gees en krag is. Dit is God Self wat die prediking van die evangelie gepaard laat gaan met die kragtige werking van sy Heilige Gees. Trouens, dit is enigste manier waarop die Heilige Gees werk: deur die prediking van die evangelie!

Deur die Prediker leer die Here ons dat daar niks nuuts onder die son is nie (Pred 1:9). Erger as in Korinte is daar vandag nog veragting vir preke wat die reeds bestaande, die ewige waarheid van die Woord, aankondig, uitroep, proklameer. Dikwels is daar meer aanklank by 'n motiveringspreker as by 'n prediker en groter ywer vir 'n massasaamtrek as vir 'n erediens. Tog bly die prediking van die Woord steeds die enigste manier waarop die Heilige Gees die geloof werk – al is dit in net nog 'n leesdiens aan 'n paar gelowiges.

*Sing: Psalm 119:39 (1936-beryming)* *Ds JJ de Kock (Vaalharts)*